

**16 Februarie**

**Skrifgedeelte: Jeremia 8:4-9:22**

**Fokusgedeelte: Jeremia 8:8-12**

**Vrede met mense is nie noodwendig ook vrede by God nie**

'n Algemene beskouing van vrede, met die mens as die belangrikste norm van die lewe, het skynbaar onder die volk van die Here posgevat. Medemenslikheid en verdraagsaamheid teenoor almal was die leuse. Die verdraagsaamheid teenoor afgodsdienste, naas die diens aan die God van die verbond, is selfs deur die profete en priesters gehandhaaf. Wees met almal vriende, trek saam in dieselfde juk – dan is daar vrede by almal. Dit is nie wat God sê nie (2 Kor 6:14). Juis hierdie vrede was 'n ernstige dwaling waarin daar geen heil vir die volk van God geleë was nie. Net so min is daar heil in humanistiese medemenslikheid en in die aanvaarding dat afgodsdienste gelyk aan die Christelike godsdiens is. Om vrede in hierdie sin te hê, is geen vrede nie. Hoe moeilik dit ook al vir Christengelowiges mag wees, bly die uitsprake en leringe van die woord van die Here die enigste norm vir wat werklike liefde en vrede is.

*Sing: Psalm 4:1*

*Ds DL de Beer (Emeritus)*